

MEMORANDUM (Diagnostiese assessering / 13 Mei 2020)

- 1.1 Agterplaas; sneuman
- 1.2 senuweeagtig; beter
- 1.3 slaapsak; hondehok
- 2.1 (a) bibber; rittel
(b) gemakliker (of iets soortgelyks)
(c) agterwerf
(d) hoof
- 2.2 (a) neem
(b) kalm
(c) sterf (werkwoord)
3. (a) Die – lidwoord
(b) jong – byvoeglike naamwoord
(c) aktrise – selfstandige naamwoord
(d) in – voorsetsel
(e) gewen – werkwoord
(f) en – voegwoord
(g) haar – voornaamwoord
4. (a) pianiste
(b) sangeres
(c) danseres
(d) aktrise
(e) kunstenaars
5. Pluimpie
6. Na aanleiding van antwoorde.

Oefening 1.4

ENKELVOUDIGE SINNE

Lees die sin: **REGERING BOU FLUKS AAN MILJOEN GOEDKOOP HUISE.**

Die bostaande sin word 'n ENKELVOUDIGE sin genoem.

'n Enkelvoudige sin is 'n sin waarin daar net een mededeling gemaak word en dit bevat net een handeling (werkwoord/gesegde).

'n Enkelvoudige sin kan met **b.nwe. en bywoorde (van wyse, plek, tyd en graad) uitgebrei word, maar solank dit net een gesegde (handeling) bevat, bly dit steeds 'n enkelvoudige sin**

Die skrywer van die berig of artikel het sy notas op los stukkies papier gedoen, en al die inligting is nou deurmekaar. Die volgorde is nie logies genoeg om in 'n tydskrif of koerant geplaas te word nie. Sorteer die inligting in die regte volgorde deur hulle korrek te nommer van a tot i. Bv. g, a, i, b, ens.

MARGATE

- (a) Die monster is nooit geïdentifiseer nie, maar die geheimsinnigheid wat daaraan verbonde was, het Margate in 'n gewilde vakansie-oord laat ontwikkel.
- (b) Omtrent 400m van die kus af het dit vir my gelyk asof twee walvisse besig was om met 'n seemonster te baklei. Nadat ek my verkyker gaan haal het, was ek verbaas om 'n dier te sien wat vir my soos 'n ysbeer gelyk het, maar met kolossale afmetings.

- (c) Die karkas het 10 dae lank op Margate se strand gelê en het baie bespiegeling in die wêreldpers uitgelok. Met springgety het dit egter weer van die strand af gespoel, terug na die vreemde dieptes waar dit vandaan gekom het.
- (d) Hierdie vreemde geveg het drie uur lank voortgeduur en is deur baie mense van die strand af aanskou. Die walvisse het uiteindelik gemaak dat hulle wegkom nadat die monster bewegingloos op die water begin rondryf het. Daardie aand het die hoogwater dit op die strand uitgespoel. Dit was 'n reuse dier. Aan die een kant was daar 'n slurpvormige uitgroei en aan die anderkant was 'n stert. Die dierasie was met spierwit hare bedek.
- (e) Ek het opgemerk dat die dier 'n goeie 6m uit die water gespring het en herhaaldelik met, soos dit vir my gelyk het, sy stert, na die walvisse toe slaan, dog met geen merkbare uitwerking nie.
- (f) Margate was oorspronklik 'n plaas. Dis in 1919 deur Hugh Balance aangekoop. Hy was die eerste persoon om die moontlikheid van die plek as vakansiedorp raak te sien, met sy uitgestrekte strande, vlak lagune – ideaal vir kinders - en 'n aantreklike riviertjie met waterlelies wat tussen die weerkaatsings droom.
- (g) Die mooi klein strandoord, Margate, aan die suidkus van die Natalse Hibiskus-strande is deesdae een van die gewildste speelplekke vir die vakansiegangers in Suid-Afrika. Min besoekers weet egter hoe die oord begin het, en in watter omstandighede dit die eerste publisiteit gekry het.
- (h) Margate het homself in 1922 begin adverteer toe dit op so 'n besondere wyse gebeur het dat elke koerantleser oor die hele wêreld na hul landkaarte gegryp het om na dié plek te soek.
- (i) Hugh Balance het op 1 November 1922 'n merkwaardige gebeurtenis aan die nuusblaai beskryf.

DIAGNOSTIESE ASSESSERING

Lees die stukkie oor Gauteng deur en beantwoord dan die vrae daarna.

Plek van Goud bied iets vir almal

Die Sotho-woord, *Gauteng*, beteken *Plek van Goud*. Dit is die provinsie waarin Johannesburg, Pretoria, die Witwatersrand en die Vaaldriehoek saamgebind is.

Gauteng is een van die grootste nywerheidsgebiede in die Suidelike Halfrond (die deel van die aarde wat suid van die ewenaar lê). Dit het 'n lang geskiedenis en het begin groei toe 'n werklose mynwerker in 1886 goud hier ontdek het.

Uit die klein dorpies van die goudstormloop het 'n stad gegroei waarin die hoogste gebou in die land, die Carltonsentrum, gebou is. In die provinsie word die meeste van die wêreld se goud uit die grond gehaal.

'n Paar feite oor die provinsie

Dit is die kleinste provinsie in Suid-Afrika, maar ons kry die meeste van die land se fabriek hier. Gauteng se bevolking is 7 miljoen.

Gauteng kry elke jaar omtrent 850mm reën en die son skyn omtrent 8,7 uur per dag (een van die hoogstes ter wêreld). Die gemiddelde temperature in die somer (Januarie) is 26°C en in die winter (Junie) 16°C.

Gauteng kry in die somer reën en is bekend vir sy donderstorms wat in die middag hier uitbreek.

Verwerk uit: *Beeld*, 26 September 2001

1. Sê of die volgende stellings waar of vals is. As dit vals is, gee 'n rede vir jou antwoord.
 - 1.1 *Gauteng* beteken Plek van Goud.
 - 1.2 *Gauteng* is die grootste provinsie in Suid-Afrika.
 - 1.3 Gauteng het die minste nywerhede in Suid-Afrika.
 - 1.4 Gauteng is bekend vir sy donderstorms in die oggende.
2. Wanneer het Gauteng begin groei?
3. Wat is die hoogste gebou in Suid-Afrika?
4. Verander die volgende sin in 'n vraag, bv. *Ek lees 'n boek - Wat lees ek?*
Gauteng is die kleinste provinsie in Suid-Afrika.
5. Skryf die volgende sin in die ontkenning oor, bv. *Ek is moeg - Ek is nie moeg nie.*
Gauteng is een van die grootste nywerheidsgebiede in die Suidelike Halfrond.
6. Gee die meervoud van die volgende woorde, bv. *man - mans*
provinsie; wêreld
7. Gee die enkelvoud van die volgende woorde. bv. *mans - man*
nywerhede; middag
8. Gee die verkleiningsvorm van die volgende woorde, bv. *seun - seuntjie*
mynwerker; stad
9. Verbind die volgende sinne met mekaar. Gebruik elke keer die woord wat tussen hakies gegee word.
 - 9.1 Gelukkig reën dit in die somer. Dit is warm. (wanneer)
 - 9.2 *Gauteng* se geskiedenis het begin. 'n Mynwerker het goud ontdek (toe).
10. Skryf die volgende sin in die verlede tyd oor, bv. *Mpho eet pap. Mpho het pap geëet.*
Gauteng kry elke jaar omtrent 850mm reën.
11. Skryf die volgende sin in die toekomstige tyd oor, bv. *Frans drink water. Frans sal water drink.*
In *Gauteng* word die meeste van die wêreld se goud uitgehaal.

